Nuusbrief vir 13 Junie 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

13 Junie 2019

Die einde van die tweede kwartaal het aangebreek. Ons kan weer met groot dankbaarheid terugkyk na 'n kwartaal vol seën, suksesse en voorsiening. Ek wil graag elke individu bedank wat op een of ander wyse, klein of groot, 'n aandeel aan die vlot verloop van ons program en sukses van ons skool bygedra het. Elke ouer, personeellid of vriend en ondersteuner se inset word werklik waardeer. Ons kinders is bevoorreg om deel van Hoërskool Swartland se span te wees. Hulle wys ook hul waardering in die uitlewing van hul talente en die suksesse wat hulle behaal. Nogmaals baie dankie!
Die derde kwartaal se skoolkalender begin op 9 Julie waar die skool om 07:30 heropen met dag 7 se dagrooster. Indien u besluit om te reis, wees altyd veilig. Geniet die tyd saam met u kind.

Koor: Sing in Harmonie

13 Junie 2019

Die Sing in Harmonie geleentheid vind op Sondagaand 18 Augustus in die Hugo Lamprecht sentrum in Parow plaas. Koorlede wat hul hoeveelheid kaartjies bespreek of aangedui het, is volgende kwartaal verantwoordelik vir die inbetaling van daardie kaartjies teen R200 per persoon. Die skool was verplig om dringend die gelde vandag in te betaal vir die versekering van die sitplekke. Lede kan die kaartjies by ons skool se finanskantoor betaal.

Skoolfoto's

13 Junie 2019

Ons vestig u aandag daarop dat u kind die individuele- en klasfoto-bestelling ontvang het. Die sluitingsdatum vir hierdie bestellings is 12 Julie 2019. Lees asseblief al die instruksies op die koevert. Die bestelling en die korrekte bedrag geld moet by mev P van der Westhuijzen by ons finanskantoor inbetaal word. Geen tjeks of kaartbetalings kan aanvaar word nie. Dankie vir u samewerking.

ARTHSS foto's beskikbaar

13 Junie 2019

Klein weergawes van die ARTHSS foto's is in die dogtersportaal aangebring. U of u kind kan dit kom besigtig, die korrekte bedrag geld in 'n koevert sit, met die kind se naam en bestelling voorop, en dit by mev De Klerk (sekretaresse) inhandig. Die gewone Jumbo (koevertgrootte) foto's is R15 elk, en daar is ook vergrotings beskikbaar teen hoër pryse. Die instruksies en verskillende pryse is ook daar aangedui. Die sluitingsdatum vir hierdie bestellings is 14 Junie 2019.

Tersiêre instansies inligting

13 Junie 2019

Universiteit van Stellenbosch se sluitingsdatum vir aansoeke vir 2020: 30 Junie 2019
Prestige Academy opedag: 27 Julie van 09:00 - 15:00
Prestige Academy Winterwerkswinkel: 2 - 5 Julie 2019
Funza Lushaka-beurs vir onderwys - aansoeke sluitingsdatum: 31 Julie 2019

Hokkie prestasies

13 Junie 2019

Die volgende spelers is vir Boland hokkie-spanne gekies en neem die vakansie aan toernooie deel:
Dogters:
O/16A (Aspan Boland Interprovinsiaal) - Hassaanah Skippers
O/18C (Boland streek) - Linica Rhoda en Leandri Agenbag
Seuns:
O/16C (Boland streek) - Stephan Cloete
O/18C (Boland streek) - Bertus Brits
Baie geluk aan hierdie leerders, en baie sterkte met die toernooie!

Binnenshuise hokkie prestasie

13 Junie 2019

Ulrich Lesch het die O/16 Stingrays-hokkiespan by die PSI ("Pro Series indoor") Nasionale kampioenskappe in Kaapstad verteenwoordig. By hierdie byeenkoms het spanne van Gauteng, Kwazulu-Natal, Wes-Kaap, Boland en Oos-Kaap meegeding. Baie geluk met hierdie mooi prestasie, Ulrich!

Matrieksertifikate 2018

13 Junie 2019

Die matrieksertifikate van 2018 het gearriveer en kan by die skool se ontvangs afgehaal word. Die persoon wat dit kom afhaal, moet net 'n identiteitsdokument saambring. U kan ons help deur hierdie nuus te versprei. Dankie!

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

13 Junie 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

13 Junie 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

13 Junie 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 13 Junie 2019 - 20 Junie 2019

14th Junie 2019
Eksamen eindig

14th Junie 2019
Skole sluit 10:30

16th Junie 2019
Jeugdag

17th Junie 2019
Publieke vakansiedag

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Junie 14 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d01febf27e78820350115.pdf

Junie 07 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cf8d2f8c7dd8766883547.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.